

FILEMON

Hierdie week lees ons die volle 25 verse van Filemon – ‘n diep persoonlike brief wat Paulus uit die tronk uit aan die vername man Filemon geskryf het. Paulus moedig Filemon aan om Onesimus, die slaaf wat voorheen in sy diens was, maar weggeloop het (of weggejaag is!), weer terug te neem, en die keer as ‘n broer.

Ons weet nie wat het presies tussen Filemon en sy slaaf Onesimus gebeur nie, maar Paulus het in sy ontmoetings met Onesimus besluit dis nodig dat die verleentheid omgedraai word in ‘n geleentheid.

Lees **Filemon vers 1-25**. Onderstreep die woorde “*broer*” en “*ons*” terwyl jy lees.

Alhoewel dit ‘n baie persoonlike brief is, verwys Filemon baie na die geloofsgemeenskap.  Die Griekse woord “*koinonia*” word dikwels gebruik vir *fellowship* of deelgenootskap, wanneer gelowiges bymekaar kom.

**Wat verstaan jy onder hierdie term?  Wat dink jy word bedoel met geloofsgemeenskap?**

Ons verstaan hierdie gemeenskap van gelowiges dikwels verkeerd, want dit spruit eintlik uit ‘n diep verhouding met, liefde vir en verstaan van God.  Paulus begin sy brief met ‘n herinnering dat dit juis in die gemeenskap met mekaar is wat ons vir God beter leer ken…en meer soos Jesus raak.  Jesus is nie net ons vriend nie… Ons raak ook ‘n vriend soos Jesus.  Terwyl ons dus met ander gelowiges omgaan, versterk ons verhouding met God, en wanneer ons verhouding met God versterk, wil ons ook ons verhouding met ander verdiep.

Lees **Filemon vers 4-7**.  Wat staan vir jou uit in hierdie eerste dankgebed van Paulus?

# KOINONIA

Verhouding met God & ander gelowiges – deelgenootskap, gemeenskaplikheid, vennootskap, geestelike eenheid



# FILEMON 1:4-7

'Elke keer as ek bid, dink ek aan jou en dank ek my God omdat ek hoor van die liefde en trou wat jy aan die Here Jesus en al die gelowiges bewys. My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen. Jou liefde het vir my groot vreugde en bemoediging gebring, omdat jy, broer, die harte van die gelowiges verkwik het. '

Onesimus beteken “bruikbaar” en Paulus verwys juis in vers 11 en 16 daarna.  Lees weer vers 11.  *Hoe dink jy kan Onesimus nou bruikbaar wees vir Filemon, in ‘n ander hoedanigheid, nie meer as ‘n slaaf nie?*

Filemon en Onesimus kan en moet ‘n broederlike vriendskap aanknoop op grond van hul verhouding met God.  Deur Jesus Christus se kruisiging en opstanding is ons nou broers en susters van mekaar, op ‘n heel ander vlak.


ONESIMUS
“bruikbaar” oninemi
FILEMON
“liefhê/ soen” phileo


BROEDERSKAP
Vriendskap


Ons kan nie net in ‘n vriendskap met Jesus wees, sonder om ook ‘n vriend soos Jesus te wees nie.

*Met wie was Jesus vriende? Hoe het Sy vriende hom behandel? Het hulle altyd met Hom saamgestem of Hom verstaan… Hom nooit teleurgestel?*

Broers in Christus is nie net mense van wie ek hou of wat soos ek is nie, dis ook mense wat nie altyd met my saamstem nie, maar op grond van ons liefde vir Christus, het ons mekaar nodig en is ons bruikbaar vir mekaar.

1. Ons is geskape vir vriendskap
2. Ons het vriendskap nodig
3. Vriendskap help ons om die vreugde van die paradys te ervaar

*Wat beteken hierdie stellings vir jou?*


A friend in need is
a friend indeed!
Benjamin Franklin
quotefancy

*Voel jy soms alleen, verwerp, jy veg die stryd alleen, jy het min vriende?*
*Voel jy broers in Christus het jou al teleurgestel en daarom het jy opgegee?*
*Voel jy jy het nie vriende nodig nie, want jy het nie tyd nie, is oud genoeg, wil nie seerkry nie, is 'n privaat mens?*

Ons voel alleen, want ons het 'n inherente behoefte aan vriendskap. Ons het dit nodig soos wat ons lug nodig het! Moenie opgee op vriendskap nie – dis verkeerd en maak jou bitter (alleen). Dis 'n beroep van Jesus. Vriendskappe het dalk nie uitgewerk nie agv sonde en foute en die duiwel wat ons wil opbreek. Dit maak nie van jou of die ander persoon slegte mense of vriende nie. Wanneer jy nie vriende wil maak nie, wil jy eintlik ook nie groei om soos Jesus te wees nie.

Ons werk nie net saam nie (soos Filemon en Onesimus), ons raak ook vriende en broers. Hierdie deelgenootskap (meer as net 'n samewerking) was moontlik omdat hulle albei in Christus gewortel was.



HOEVEEL ONSE IS DAAR IN JOU POND?

Hoeveel onse is daar in jou pond – ’n ou spreekwoord.  Wie is almal ingesluit wanneer jy praat van “ons”…  Hoeveel ganse is daar in jou dammetjie?

Daar is ‘n ou Halleluja liedjie wat sê “Ek in my klein hoekie… En jy in joune”
Koos Kombuis sing ‘n liedjie wat sê “Ons drink almal uit dieselfde kraan, ons en hulle, ons en hulle”

Ons lewe graag eksklusief, en nie inklusief nie.  Ons verwys graag na “ons” en “hulle” of “ek” en “jy” terwyl ons almal ganse in dieselfde dam behoort te wees – gelyke in Christus.

*Hoe beleef jy ‘n “ons” en ”hulle” mentaliteit by die werk?  In die kerkgemeenskap?  In ons samelewing?*

# dit is ons

♥ ONS LEWE ♥ ONS STORIE ♥






*It is not my monkey!!*

Ja, jy is reg, dit is nie jou probleem nie.  Dit is ons probleem.  Filemon het dalk sy werker sleg behandel… Onesimus was dalk oneerlik teenoor sy werkgewer… Maar die oplossing was dat hulle ‘n probleem gehad het – dit was ‘n “ons-ding” wat saam uitsorteer moes word.

Kyk bietjie watter effek het dit wanneer jy jou ”Ek’s” met “Ons” begin vervang in jou kommunikasie… Wanneer mense ingesluit voel, eerder as om onderskeid te maak.

In plaas van vingerwys, kom ”ons” werk aan ‘n oplossing.  Kyk bietjie hoeveelkeer praat Paulus van “ons” in die boek Filemon!

**Lees Matteus 5:21-26.**  Wat beteken dit vir jou?

# MATTEUS 5:21-26

'“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank’. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur. “**As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe**. “As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie. Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie.” '

Ons is nie gemaak vir vyandskap nie, vir “animosity” nie.  Dit maak ons bitter en dit maak ons siek.

Maak reg met ‘n broer of vriend.
Oorweeg ‘n nuwe rol/ vriendskap in plaas van om die brug heeltemal te verbrand.
Sit die vriendskap terug in jou huwelik of werksverhoudings.
Moenie net betrokke wees by die kerk nie, raak ‘n broer en wees ‘n vriend
Raak onstlae van jou sensitiwiteit rondom vriende wat teleurstel.


There is no shame in beginning again, for you get a chance to build bigger and better than before.



# FILEMON 1:15-16

'Miskien was hy 'n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry, nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer. Dit is hy besonderlik vir my; hoeveel te meer sal hy dit dan nie vir jou wees nie, as mens en as broer in die Here. '

GEBED.

1. Here, dankie dat U ons beste vriend is en altyd daar om ons by te staan
2. Help ons om meer soos U te wees in ons verhoudings met ander gelowiges
3. Help my om minder te fokus op myself en eerder op die groep of die groter prentjie
4. Dankie vir vriende en broers wat ook lief is vir Jesus en soos Hy wil wees!

AMEN.


Versoening
Vriendskap
Vreugde